

23 Oktober

Lukas 6: 27-36

(Teks :6:31)

Behandel ander soos julle self behandel wil word

Hierdie opdrag is deel van ons Here Jesus se aangrypende bergrede. Dit staan bekend as die goue reël vir goeie menseverhoudinge. Die Jode van die ou bedeling het 'n soortgelyke reël gehad maar in 'n negatiewe vorm, naamlik "Wat haatlik vir jou is, moet jy nie aan jou naaste doen nie..."

Vir ons Here Jesus is dit nie genoeg dat gelowiges aan ander nie sal doen wat hulle nie aan hulleself gedoen wil hê nie.

Dit is immers nie moeilik om ander nié te benadeel nie, maar veel moeiliker om iets goeds vir ander te doen.

Ongelowige mense beoefen meestal 'n reël wat die teenoorgestelde is van die goue reël, naamlik "Behandel ander mense soos hulle jou behandel"; dit wil sê 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.

Wat mense aan jou doen, dit moet jy aan hulle doen. Dit is 'n gesindheid van selfsug en selfhandhawing.

Jesus se opdrag vereis egter dat ons onself sal verloën deur jouself aan ander te gee. Sy goue reël vir ons optrede verduidelik Hy byvoorbeeld met die volgende konkrete voorbeelde: "Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word - aan elkeen wat iets vra, moet jy gee".

Mag die Heilige Gees ons die liefde en krag gee om die goue reël elke dag uit te leef. Ons Here Jesus belowe: "Dan sal daar vir julle 'n groot beloning wees...!"

Sing Skrifberyming 27:4 en 5

Ds. J.H. Viljoen (Pretoria-Noord)